SOUTH AFRICAN DIAMOND PRODUCERS ORGANISATION
SUID-AFRIKAANSE DIAMANTPRODUSENTEORGANISASIE

Nuusbrief

03 / 2017

Ons moedig u aan om ons webwerf dop te hou - daar word gereeld nuusberigte geplaas, asook nuwe dokumente wat vir u van belang sal wees.

"*Follow*" ons ook op LinkedIn (https://www.linkedin.com/company-beta/10956262/)

KLIENTE VAN FLAWLESS DIAMANTE:

Let asseblief daarop dat Jeffrey Brenner aan ons bevestig het dat hy ons lede se bydraes sal aftrek en aan ons oorbetaal, sou hy die versoek vanaf u ontvang. Ons vra dus vir ons lede wat deur Flawless Diamante hul produksie bemark om die nodige reëlings met Jeffrey te tref.

DRA BY TOT ONS NUUSBRIEF!

Ons nooi u uit om enige nuus / gebeurtenis / inligting wat u voel ons lede by sal baat, aan die Sekretaris te stuur vir moontlike publikasie in die volgende nuusbrief.

TENDER DATUMS:

Hiermee die volgende 2 maande se tender-datums vir u gerief:

24 – 27 April 2017
22 – 25 Mei 2017

KONFERENSIE:

Wat 'n groot sukses! Ons is baie bly oor al die nuwe voorstelle op verbeteringe wat ons ontvang het, asook voorgestelde, moontlike oplossings wat aangebied is. Dit motiveer ons net om nog harder te veg vir die bedryf waarvoor ons almal so lief is. Dat Mnr Mosa Mabuza (Adjunk Direkteur Generaal DMR) so toeganklik is teenoor die klein en opkomende delwers, ons lede, is regtig verblydend. Ons gaan verseker Konferensies in die toekoms hou en hoop om nog meer mense te lok.

'n Spesiale woord van dank aan almal wat die dag moontlik gemaak het, ons sprekers en ons borge. Maar die **heel belangrikste** is almal wat teenwoordig was, lede en nie-lede. Dit is vir julle wat ons die dag gehou het en ons vertrou dat u ook 'n positiewe ervaring gehad het. Baie dankie vir al die positiewe terugvoer wat ons reeds ontvang het! Moet egter nie wag tot die volgende konferensie om met ons kontak te maak nie. Enige voorstelle is welkom.

Ons benodig ook inligting en statistieke om ons te bemagtig tydens onderhandelinge met die verskeie staats-departemente en ons doen 'n beroep op ons lede om hul voltooide statistiekvorms en inspeksie vraelyste aan ons te stuur.

SADPO SE WERKE BY DIE KAMER VAN MYNWESE:

SADPO is 'n geaffillieerde lid van die Kamer van Mynwese en dien ons op verskeie forums, onder andere:

- Diamond Leadership Forum
- Environmental Policy Committee
- Labour Policy Committee
- Emerging Miners Forum

By al die Policy Committees is ons blootgestel aan al die Kamer van Myne se onderhandelings, regsmenings ens., met en teenoor die spesifieke Staatsdepartement ter sprake en kry ons dan ook die geleentheid om die klein diamant ontginningsbedryf se sienings en voorstelle op 'n georganiseerde wyse op die tafel te kry. Dieselfde geld by die Emerging Miners Forum - hier is dan ook die plek waar ons, ons spesifieke uitdagings kan uitlig met die oog op oplossings en dan gewoonlik met die ondersteuning van al die ander kommoditeite se klein en medium grootte myne.

By die Diamond Leadership Forum sit ons weer saam met die groter myne soos De Beers, Petra Diamante, Transhex, ens. Hier word sake van meer algemene belang in die Diamantindustrie as geheel bespreek.

NUWE DIREKTEUR GENERAAL VAN MINERALE HULPBRONNE:

Advokaat Mokoena is onlangs aangestel as die nuwe Direkteur Generaal van Minerale Hulpbronne. Hiermee 'n paar belangrike punte wat die Kamer van Mynwese geopper het rondom hierdie aanstelling:

- Oorleg met belanghebbendes soos die Kamer van Mynwese en ander relevante rolspelers, is belangrik voor sulke aankondigings gedoen word, en as die Kamer van Mynwese, is ons onverhoeds betrap deur die aankondiging.
- Terwyl die nuutaangestelde direkteur-generaal 'n prokureur van opleiding is, is daar kommer oor die diepte van sy kennis en ervaring in die mynbedryf, veral gesien in die lig van die dubbelle uitdagings in die bedryf – die verkryging van beleggings en die groei van die bedryf. Ook die uitdagings van tansformasie en inklusiewe groei.

ALGEMENE NUUS:

Voortvloeiend uit die konferensie sal ons as Nasionale Komitee spoediglik met die Departementele gaste by die konferensie skakel om amptelik die uitdagings wat ons in die gesig staar onder hulle aandag te bring. Ons is baie dankbaar dat almal wat teenwoordig was, hulle bereidheid vir sulke gesprekke bevestig het.

NASIONALE KOMITEE:

Ons is hartseer dat 1 van ons Nasionale Komitee lede, HF Cilliers (Douglas), moes bedank. Hy het SADPO goed gedien in die tyd wat hy op die Komitee was.

Aan die ander kant is ons ook opgewonde om u in kennis te stel dat Lyndon de Meillon (Schutsekama) sy plek sal inneem. Ons is seker dat SADPO lede baie sal baat by sy kennis en ondervinding en wens ons hom alle sterkte toe!

NASIONALE KOMITEELEDE: Gert van Niekerk (Voorsitter), Jaap van Heerden (Onder-Voorsitter), Pieter Keeve (Tesourier), Amos Davids, Lyndon de Meillon, Rick Hattingh, Mark Hunt, Anton Jacobs, Johan Keyser, Jannie Lombard, Willie Marx, Lukas Steyn, Ben van der Pos

TENDERHUISE: CS Diamonds, NDM

Webtuiste: http://sadpo.co.za/
Lynette Kruger (Sekretaris) 071 8899 850
E-pos adres: info@sadpo.co.za Faks no: 086 663 5737

"Fragmented voices don't have the weight it requires … Masses make history, not individuals."
- Pravin Gordhan